



Ook deur Kristel Loots

Romanzas

- *'n Perfekte paartjie
- *Die losbol se moes
- *Kanniedoodliefde
- *Kammaliefde

Duette

- *Ek en jy (Perfekte paartjie en Die losbol se moes)
- *Een plus een (Kammaliefde en Kanniedoodliefde)

Liefdesromans

Aspoesterskoene
Sjokoladesoene
Lemoenseisoen
Eendagmooi
Die ander vrou
Katerina se mojo
Foxtrot van die liefde
Blom in die hare

Omnibus

Om jou te vind (Liefde op Vergeetbaai, Kiki se kroonprins en
Sieraad uit as)

* Slegs as e-boeke beskikbaar

Kristel Loots

Eendag is nou

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

© Teks: Kristel Loots 2019
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 14.3 pt Leawood
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Jeanette Ferreira
Omslagontwerp: Flame Design
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9842-7 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9843-4 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9844-1 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek
mag op enige manier gereproduseer word sonder die
skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Een

Dit freak Jacomien heeltemal uit, die ding dat haar man so behep is met die doodsberigte in die koerant. Ander mans kyk na die hoofopskrifte op die voorblad en mor oor die regering en die ekonomie. Dan lees hulle die sport-blaaie en knor oor die ref en die kwotastelsel.

Maar haar man kan nie gou genoeg by die sterfgevalle uitkom nie. Gewapen met sy boekie met die fênsie omslag van krokodilleer en 'n silwer pen, sit hy geesdriftig en aantekeninge maak, die uitdrukking op sy gesig so ingenome soos dié van 'n vampier wat bloed geruik het. Om hom daar weggeskeur te kry om te kom eet voordat die kos koud is, sal weer in 'n gekyf ontaard.

“Hoe lyk dit? Is jy darem tevrede met die doodsengel se oes oornag?”

JanKoos kyk skaars van die koerant af op, te gewoon aan haar bitsigheid om hom daaraan te steur.

“Jy het seker nog nie vanoggend jou bloeddrukpille gedrink nie,” brom hy onderlangs.

Nee, sy het nie, ook nie haar waterpil nie. Sy is veronderstel om dit ná ete te sluk, nie nou al nie.

JanKoos het natuurlik nie bloeddrukpille nodig nie. Net

saans 'n klein wit pilletjie vir sy cholesterol, 'n ligte dosis. Geen newe-effekte nie, kry nie eens spierkrampe soos gewone mense nie. Die duiwel sorg vir sy eie.

“Ek doen net my werk, soos dit die broodwinner van die huis betaam,” herinner hy haar.

Sy is bietjie van 'n drama queen, dis waar, veral as dit gaan oor die broodwinner van die huis se makabere maniere om kos op die tafel te sit.

“Jy maak geld uit mense wat platgeslaan is deur die dood van 'n geliefde, ja. Wurm jou daar in voordat daar behoorlik met die rouproses begin is.”

Sy het lank laas die moeite gedoen om hieroor te praat, omdat sy weet dit gaan niks aan die saak verander nie.

“Ek hoor jou nie kla oor die lekker huis waarin jy bly nie. Of oor ons relatiewe rykmanslewe nie.”

“Jy het hierdie lekker huis met 'n verneukspul gekoop vir baie minder as wat dit werd was.”

“En ek kon dit al 'n paar keer weer verkoop teen 'n helse wins as jy nie so daaraan vasgeklou het nie.”

“Jy weet ek sal dit haat om van voor af gewoond te raak aan 'n vreemde huis.”

“En dat dit jou jare vat voordat 'n huis soos jou eie voel, dat jy dit nou maar eers regkry om in hierdie huis nie meer die afgestorwe Bothas se teenwoordigheid aan te voel of hulle in die hoeke van 'n vertrek te sien ronddwaal nie.” Sy mond trek lelik toe hy na haar kyk. “Ek weet alles van jou malligheid as dit by huise kom, Jacomien, jy hoef my nie daaraan te herinner nie.” Hierdie keer plak hy sy pen met 'n klapgeluid op die tafel neer en kyk 'n oomblik van die koerant af op. “Ek weet jy glo 'n huis absorbeer die gees van sy inwoners. Ek ken jou absurde, onlogiese denke, ek leef al jare daarmee saam en verloor groot geld as gevolg daarvan.”

Dit is nie hoe die gemiddelde mens oor huise voel of redeneer nie, Jacomien weet. Dis net sy wat vir maande, nee, jare nog bewus bly van die gees van vreemdelinge wanneer sy deur 'n huis stap. En ontuis voel. Asof sy die indringer is. Sy kan tog nie van enigiemand wat nie soos sy bedraad is, verwag om dit te verstaan nie. Allermens van iemand soos JanKoos wat met sy voete stewig op moederaarde staan.

“Jy het geweet waarvoor jy jou inlaat toe jy met my getroud is, Jacomien. Ek is nie 'n gewone salaristrekker nie en sal nooit wees nie, ek werk vir myself. Ek is 'n verkoopsman in murg en been en dit gaan nie verander nie.”

Miskien eerder ietwat van 'n smous as 'n verkoopsman, een wat heelwat transaksies onder die tafel deur voltrek en nie aldag sy besigheid ewe eerbaar bedryf nie.

“Toe ek jou ontmoet het, het jy versekering verkoop,” mymer sy. “Nie huise nie.”

“En ek was goed daarmee.”

Hy was. Hy het toe al met ongelukke en die dood gesmokkel. Kon met smaak vertel hoe 'n mens se naasbestaandes sal sukkel as jy skielik tot sterwe sou kom. Weet sy ooit hoeveel 'n begrafnis kos? Dis skokkend baie, veral as 'n mens darem in 'n ordentlike kis begrawe wil word. En nog vir die predikant en toebroodjies en tee ná die tyd ook wil betaal.

En dan natuurlik het JanKoos 'n repertoire stories gehad wat jou nekhare sou laat rys as dit vir jou geloofwaardig genoeg was. Van die bloedjong man, so dronk soos 'n tol, wat uit 'n lugballon geval en die skamerige bruid wat aan 'n stuk troukoek verstik het. Dood. Net daar langs haar bruidegom terwyl die ander mense dans. Op die meesleurende maat van die Klipwerf Boereorkes se “Kalfiewals” nogal. Niksvermoedend.

“Ek staan nie op trou nie, ek sal nie sommer dronk in ’n lugballon klim nie en ek het hoogtevrees,” het sy ’n grapjie probeer maak, maar JanKoos was nie geamuseer nie. Hy kon enigiemand tot trane dryf en jou laat glo jy staan met een voet op die randjie van die graf en met die ander op ’n piesangskil.

“Jy het selfs aan my versekering verkoop,” sê sy. “My banggepraat met siektes en dood en hoe ek, toe nog in my prille jeug, in ’n oogwink oornag in ’n rolstoel kan beland met niemand om my te versorg nie.”

“Dit kan nog steeds gebeur.”

JanKoos het haar destyds gou genoeg omgepraat. Nie net om peperduur versekering teen alles wat haar moontlik kon tref by hom uit te neem nie, ook om ’n paar ander dinge te doen wat sy nie regtig wou nie. Maar sy het hom nodig gehad soos ’n drenkeling ’n reddingsbaadjie. JanKoos met sy skoon naels en netjiese aktetas sou die ridder wees wat haar red van die ander kansvatters en boosdoeners in die omgewing.

En veral van mans soos Roelf.

Roelf. As sy maar nooit daardie naam gehoor het nie!

Skaars klaar met skool, het sy begin wag vir die regte man, nommerpas vir haar. Nie een met hare op die bors én hare op die tande nie. ’n Man wat pajamas en pantoffels sou dra en ’n warm langmouwessie in die winter. Wat nie in sy onderbroek deur die huis sou dwaal terwyl hy hom op onnoembare plekke krap nie. ’n Man wat nie aan die yskasdeur sou hang terwyl hy melk direk uit die bottel drink nie. ’n Man met ’n tikkie finesse. ’n Man, amper soos JanKoos, maar nie heeltemal nie.

Maar toe kom Roelf. Voordat die man in haar kop kon opdaag.

Roelf wat haar op universiteit meer oor mans geleer

het as wat sy wou weet. Roelf wat haar wou verslind en geen geheim daarvan gemaak het nie. Roelf met die lyf van 'n leeu en die hart van 'n wolf. 'n Vrou vergeet nooit as sy 'n Roelf op haar lewenspad raakgeloop het nie.

Teen die tyd dat sy JanKoos leer ken het, was sy lankal nie meer die dom ou meisietjie van destyds wat haar deur Roelf laat gebruik het nie. Nee, sy was 'n vrou met die lyf en verstand van 'n vrou en sy het geweet sy wou haar nooit weer aan daardie vernedering blootstel nie. Dan maar eerder haar beskeie porsie geluk vind by 'n vaal en skadelose nou-gaan-ons-braai-tipe-jan-alleman soos JanKoos.

Die JanKoos wat dekades gelede met sy bruin kartonlêers onder die arm haar lewe ingestap gekom het, was nie die spreekwoordelike ridder nie. Min mense sou kon raai dat juis hy haar sou red van haarself, 'n huis vol rondloperkatte, rakke en rakke vol stowwerige boeke en slippers op 'n Saterdagand.

“'n Regte kapokhaantjie,” is hoe Henk hom toe al beskryf het. “Die verpersoonliking van kleinmannetjiesindroom.”

“JanKoos is nie regtig so klein nie,” het sy geprotesteer.

“Hy is ook nie juis 'n reus van 'n man nie, is hy? Nie intellektueel of na liggaam of gees nie.”

Maar sy wou haar nie aan haar broer se twyfelagtige wyskede steur nie. Die ink op sy sertifikaatjie as sielkundige was nog nie eens behoorlik droog nie. Wat weet 'n broer nou ook as hy net enkele ure ouer as jy is?

Ja, oukei, sy het gou genoeg agtergekom die pajamas wat JanKoos dra, is taamlik verslete en sy voete in die uitgetrapte pantoffels bra klein. Hy was net 'n skadu van die man waarop sy gehoop het, maar juis daarom sou hy ideaal vir haar wees. Iemand wat nie aan haar eise sou stel waaraan sy nie kon voldoen nie.

“JanKoos sal vir my as vrou respeke hê,” het sy Henk – en haarself – probeer oortuig. “En ek vir hom, juis omdat ons ’n onpas paar is, maar hy my nogtans wil hê.”

Almal het destyds al begin vrede maak met die gedagte van haar en JanKoos saam, toe karring Henk nog aan haar.

“Henk, jy is my tweelingbroer, nie my pa nie.”

“Wat sien jy in die man, sus? Hy met sy pennelekkerlyf en sy hoërskoolseunkuif?”

Sy kon dit nie vir Henk verklaar nie. Dat JanKoos nie, soos baie ander mans, na haar gekyk het met aanbiddende oë nie, haar ook nie op ’n pedestaal geplaas het nie. Dat hy nie Roelf Vosloo was nie. Ook nie een van Roelf se ewe gevaarlike vriende nie.

En dat hy haar daarom nooit so seer sou maak soos hulle nie.

By JanKoos sou sy veilig wees, soos by haar pa in haar kinderdae. As getroude vrou, wanneer sy agter JanKoos se rug kon skuil, sou herinneringe aan die seerkry van haar studentedae uiteindelik vervaag. Sy sou dit weer regkry om vir ’n man lief te wees en haar vrees en inhibisies saans agter toegetrekte gordyne saam met haar klere van haar lyf te stroop.

“Ek verstaan waarom ’n man soos JanKoos met jou wil trou,” het Henk laat hoor toe die troukoek al gebak en die meeste van die uitnodigings gepos is.

“Laat ek ook hoor hoekom ’n man soos JanKoos met my wil trou?”

Die erns en lighartigheid in haar het hande gevat.

“Vir jou looks, soos elke ander man wat deur die jare by jou kom aanlê het. Sodat hy in jou glorie kan baai.”

Dit het seergemaak. Asof dit al is wat sy ooit gehad het om aan te bied, haar donnerse looks. ’n Skoonheid met boobs en bene en ’n lugleegte tussen die ore. Sy wou dit

nie hoor nie. Vir JanKooos het dit van die begin af oor meer as haar mooi gesiggie gegaan, dis wat sy geglo het.

“My looks, nè? Nie vir my sprankelende persoonlikheid nie?” Dit was toe nog vir haar maklik om ‘n grap daarvan te maak.

“JanKooos lyk nie vir my na die tipe ou wat hom deur ‘n sprankelende persoonlikheid sal laat vang nie.”

“Nou goed dan maar.” Sy wou nie ‘n stryery aan die gang sit nie. “Ek gaan JanKooos se trofeevrou wees. Dis nie die ergste wat ‘n vrou kan oorkom nie.”

Behalwe dat JanKooos op daardie stadium nog lank nie ‘n trofeevrou verdien het of kon bekostig nie.

“Julle is nie ‘n match made in heaven nie. Dis nie net die ouderdomsverskil van amper tien jaar wat ‘n probleem gaan wees nie, daar is baie meer wat gaan pla.”

JanKooos was van die begin af ‘n kortkop korter as sy, nog meer wanneer sy haar hakskoene gedra het. Nie aantreklik genoeg om regtig raakgesien te word nie. Behalwe wanneer sy saam met hom by ‘n vertrek ingestap gekom het. Dan het die koppe gedraai, soos sy gewoon was daaraan. Maar hy nie.

Haar broer het daardie dag lank na haar gestaar. “Wat ek nie kan verstaan nie, is waarom jy met jou joolkoninginfinalisstatus met hom wil trou.”

“Aarde tog, Henk, al van liefde gehoor?”

“Ja. Maar nog nie veel daarvan tussen julle gesien nie.”

“Jy, amperse oujongkêrel wat jy is, sal nie liefde herken as dit jou aan die bas byt nie.”

Sy was nie meer piepjonk toe JanKooos met haar wou trou nie, nie meer jonk en naïef genoeg om blommetjie-en-hartjie-romantiese liefde van hom te verwag nie. Daarvan het sy genoeg gehad om haar ‘n leeftyd lank te hou. “My joolkoninginfinalisdae is lankal verby.”



Henk het sy gesig getrek. “Ek wil net hê jy moet weet dis nie nodig dat jy met JanKoos trou nie.” Hy het haar aan die skouers gevat. “Jy moenie dink ...” Jacomien kon sien hoe moeilik dit vir haar broer was om te sê wat sy moes hoor. “Moenie dink net omdat daardie bliksem van ’n Roelf jou beetgehad het ...”

Jacomien het gelag, te hard. Sy wou nie toe aan Roelf herinner word nie. Want sy het nog moed gehad, geloof dat dinge vir haar en JanKoos sou uitwerk. Al wat sy moes doen, was om geluk op die regte plek te vind, haar nie te steur aan wat van haar verwag word of wat die samelewing sien wanneer daar na haar gekyk word nie.

Sy was gatvol daarvan om te hoor hoe mooi sy is. Moeg van mans wat haar beter wou leer ken net om haar vir ’n vertoonstuk te gebruik. Moeg van mans soos Roelf met die honger van ’n wolf in sy oë. Damaged goods, dis hoe sy gevoel het nadat Roelf haar ingelyf het in die vleeslike voordat sy gereed was daarvoor.

Daarom het JanKoos se oënskynlike afsydigheid haar van die begin af op ’n vreemde manier bekoor, ook die feit dat hy hom die reg toegeëien het om haar eerder te kritiseer as te komplimenteer.

Gelukkig is haar broer nie vandag hier om JanKoos te hoor nie. Want Henk glo nie aan woorde op hok hou nie. Nie soos sy wat dit soms doen om die valse vrede te bewaar nie. Jacomien sidder oor wat kan gebeur as dié twee manskynlike mekaar die dag behoorlik aan die bors gryp. Hulle verdra mekaar nou al soveel jare op ’n beskaafde manier, maar dis net bolangs.

Vir Henk kon JanKoos nie destyds ompraat om versekering by hom te koop nie, ook nie ’n tweedehandse motor toe hy later jare sy hand daaraan waag nie.

“Daardie Volvo maak vreemde geluide, JanKoos,” sou



Henk probeer keer wanneer 'n niksvermoedende kliënt nie besef het die sogenaamde winskopie was eintlik 'n kat in die sak nie. "Die enjin gaan een van die dae oppak."

"Ek moet onthou om die radio harder te stel wanneer die ou die motor vir 'n toetsrit vat."

Want JanKoos is 'n besigheidsman wat altyd daarin slaag om 'n wins te maak met sy aankope en verkope. Iets wat hy vandag nog regkry. Sodat sy in 'n paleis van 'n huis kan bly en potions en lotions aan haar mooi gesig en lyf kan smeer.

Sy het probeer om dinge te plooi soos dit haar pas, maar toe is dit nie sy wat die teks en dialoog van hul lewe saam skryf nie. Toe speel die storie heeltemal anders af as wat sy verwag het.

Nie vir 'n oomblik sou sy toe kon dink daar sou 'n tyd kom wanneer JanKoos aan haar sou dink as 'n "malletjie" nie. Nie eens die kere wat sy die benaming verdien nie. Daarvoor was sy vir hom te veel werd, wou sy graag glo.

Maar die ding tussen hulle, die aweregse aantrekkingskrag, die ding wat sy nooit presies kon definieer nie, het nie lank gehou nie.

"Los die man," het Henk by haar gepleit toe die eerste krake begin wys. "Voordat daar 'n string kinders is en jy nooit weer van hom ontslae kan raak nie."

"En dan wat, Henk? Waar begin ek weer? Waarheen gaan ek?"

"Iewers heen waar jy jouself kan wees en nie agteroor hoef te buig om by JanKoos in te pas nie."

"Wat sal die mense sê?"

"Die mense, wie die mense nou ook al mag wees, sal sê jou oordeel het jou lelik in die steek gelaat toe jy met JanKoos getrou het. Dat jy 'n moerse fout gemaak het en JanKoos eintlik ook."



“Dat ons huwelik 'n totale mislukking was?”

“Van die begin af, ja. Omdat julle elkeen iets gehad het wat julle wou bewys en mekaar nie liefgehad het nie.”

Maar Jacomien was nie so seker dat dit vir haar beter sou wees sonder JanKoos nie. Ook hy het nooit gevra om weer vry te wees nie. Dit was te laat vir omdraai. En natuurlik was daar ook soms die goeie tye. Genadige tye, as dit dan nie goeie tye was nie. Vakansietye by haar ouers waar hulle saamgestaan het sodat niemand sou agterkom hoe ver hulle eintlik van mekaar af weggedryf het nie. Tye waarin hulle die pose moes hou en mekaar daarvoor nodig gehad het. Tye waarin hulle 'n span was, planne gemaak het, gekonkel het, die vlag hoog probeer hou het. Kyk! Kyk! Ons is tog gelukkig.

Miskien wou sy en JanKoos hulself ook daarvan oortuig, want hulle het verbete bly bou aan 'n lewe saam, selfs 'n kind in die lewe laat kom. Tot waar hulle vandag in die kombuis teenoor mekaar staan soos twee kennisse wat nie veel van mekaar weet en nie baie van mekaar hou nie.

Jacomien trek die kombuisgordyne oop sodat die son kan inskyn. Sy en JanKoos het lig in hul lewe nodig, nie hierdie vroegoggendse skemer wat alles om hulle laat dof lyk nie. Sy probeer met deernis na hom kyk daar waar hy weer sy pen opgeneem het en met sy jagtog voortgaan. Arme man.

“Daar is altyd iemand wat my probeer bevark,” kla hy gereeld. Waarmee hy ook al smous. Versekering, tweedehandse motors. Dis maar net die afgelope paar jaar, vandat hy sy nuutste loopbaanskuif gemaak het, dat hy blykbaar beter vaar.

Hulle wys die regte gesig na buite, dis net hul naastes wat weet dat dit hoofsaaklik vertoon is. Mense soos Henk wat te gereeld by hulle kuier en natuurlik ook Klara wat



nie blind kan wees vir die gehap en gekrap wat daar met tye tussen haar pa en ma is nie.

Jacomien sluk 'n slag, amper bewoë. Gooi toe die va-doek op die ingewing van die oomblik op die tafel neer en stap na JanKoos toe. Toe sy agter hom gaan staan, sien sy die amperse bleskolletjie wat op sy kop vorm. Sou hy weet daarvan? Sy hoop nie so nie. 'n Groeiende bles sal genoeg wees om JanKoos in 'n diep, donker put van depressie te laat beland. Sy buk en slaan haar arms om sy skouers, druk haar gesig in sy nek. Sy ruik hom, voel sy warmte teen haar lyf. Maar net vir 'n oomblik voordat hy sy skouers onder haar hande uit wriemel.

“En nou?” vra hy bars. “Wat is nou aan die gang?”

“Ag, sommer.” Sy probeer weer haar arms om hom slaan, skielik desperaat om iets by hom te kry. 'n Toegeneentheid, 'n flentertjie warmte, iets wat moet wys dat hulle 'n leeftyd lank al saamstap.

Maar JanKoos koes onder haar grypende arms uit. “Nie die tyd en die plek hiervoor nie, Jacomien. Daar wag 'n berg werk vir my op kantoor as jy nie omgee nie. As jy nie kans sien om ontbyt te maak nie, kan ek maar vir my iewers langs die pad iets kry om te eet.”

Jacomien haal diep asem, staan opsy, skakel die ketel aan.

Deur hulle jare saam het sy haar al baie keer bloedig vererg vir JanKoos en sy meewarige houding. En het sy gesidder oor die genadeloosheid waarmee hy haar behandel. Toe het sy haarself geleer om die negemaaltafel in haar kop op te sê, só te keer dat sy hom behoorlik invlieg. Want dit sou nutteloos wees, bloot uitloop op 'n bekgeveg wat die koppies en pierings in die rak laat ratel.

Vandag is nie anders as enige ander dag nie, die ritueel is die gewone. En tog is dit of daar 'n gordyn vir Jacomien



oopgetrek word om 'n rou waarheid te wys waarvan sy nie graag wil weet nie.

Dit tref haar soos 'n vloedgolf wat sy lankal moes sien aankom het. Haar man verveel haar. Irriteer haar en frustreer haar, en veral verveel hy haar grensloos. Jare lank al.

Dis hierdie naderende verjaarsdag wat dit aan haar doen, sy weet. Want sy beweeg stadig maar seker na die donker kant van haar lewe. Nie een van die inspirerende boodskappies op groetekaartjies hou werklik troos in vir wat met haar gebeur nie.

Die lewe begin nie op sestig nie. Sy bevind haar in 'n doodloopstraat.

Dit help nie om op meer te wag nie. Van hier af is dit afdraand al die pad en sal alles net erger raak. Haar lewe lank wag sy op eendag om waarlik gelukkig te wees, net om nou met 'n donderknal te besef dat eendag nie meer op haar wag nie. Eendag is hier, eendag is nou.

Die stilte in die kombuis koggel haar, dwing haar om die gedagtes in haar kop hardop uit te spreek.

“Weet jy wat, JanKoos? Ek en jy is soos ou Sisufos.”

Hy kyk vir 'n wonder vir 'n oomblik op na haar. “Hoe nou?”

“Sisufos. Uit die Griekse mitologie.”

“Ek het 'n paar breinselle, Jacomien, ek weet wie Sisufos is.”

“Hy was gierig en skelm.”

“Of slim. Dit hang seker af hoe mens daarna kyk.”

“Slinks, ja.”

Soos jy, wil sy byvoeg, maar sy het nie 'n doodsvlange so vroeg in die oggend nie. Net 'n viesheid wat haar roekeloos maak, wat JanKoos wil uitdaag om aandag aan haar te gee.



“Om die verpersoonliking van die dood te vra om die kettings wat hom moes bind, uit te toets, was wat my betref geniaal van Sisufos.” Hy lag. JanKoos lag sowaar ter ere van Sisufos wat hy blykbaar as ’n held beskou.

Jacomien gaan sit langs hom. Ons gesels, dink sy. Soort van. Vir ’n wonder kommunikeer ek en my man met mekaar, al is dit ook twakpraatjies.

“Met tragiese gevolge,” herinner sy hom.

“Omdat die dood toe niemand meer kon kom haal nie?” Hy grinnik en iets van sy stoutseungesig van hul jonger dae skemer deur. “Tragies, inderdaad. Sleg vir besigheid, jy weet?”

JanKoos spot met haar, maar hierdie keer is dit ’n goeie gespot. Of dalk verbeel sy haar dit. Omdat sy dit so graag wil glo.

“Dit was nie meer soveel sports om oorlog te maak as jy nie jou vyande bloeddorstig kan afmaai nie.” Sy is self verbaas om die laggie in haar stem te hoor.

Jacomien kan nie onthou wanneer laas sy en JanKoos enigsins ’n gesprek gevoer het wat verder as pass the salt strek nie. Sy stoot haar hare van haar voorkop af, skielik spyt dat sy nie vanoggend bietjie vroeër opgestaan en haar mooigemaak het nie. Dalk sou JanKoos haar dan eerder wou raaksien. “As hy net nie so domastrant was nie, sou die arme ou nie so swaar gestraf word nie.” Domastrant – present company included.

“Ek weet nie, dalk het hy tog nie so ’n slegte ruiling gemaak nie. Wie wil nou ook vrywillig terugkeer na die onderwêreld as jy ’n ander uitweg kan vind? Een wat jou sal toelaat om jou vrou uit te skel omdat sy nie jou liggaam behoorlik begrawe het soos dit ’n goeie en getroue eggenoot betaam nie.”

Wie is dit die? JanKoos, die rebel? En nogal ’n interes-

sante gespreksgenoot as hy die slag daarin slaag om van sy koerant af op te kyk.

“Maar om elke dag vir die res van die ewigheid gedwing te word om ’n rots teen ’n steil heuwel uit te stoot en net voordat jy die spits bereik, te sien hoe die dêm ding terugrol ondertoe, is verskriklik. Die futiliteit daarvan.”

En eintlik is dit presies wat hulle doen. Om en om, al in die rondte. JanKooos met sy koerant en sy doodsberigte en sy wat dikbek is daaroor. Nie een van die twee gee skiet nie en die borse kringloop word nooit voltooi nie.

Jacomien neem ’n slukkie uit die koffiebeker voor haar.

“Haai, dis my koffie daai,” keer JanKooos. Maar vir ’n oomblik is daar speelsheid in sy stem eerder as argwaan.

“Jammer.” Jacomien spring op. “Ek maak gou vir jou ander koffie. Die water is nog warm.”

“Moenie vir jou laf hou nie, Jacomien. Ons het al heelwat meer as ’n beker koffie gedeel.”

Jacomien sien verras hoe hy verder aan sy koffie drink, JanKooos wat so puntenerig is oor kos. En oor feitlik enigiets anders. Dalk is daar ’n sprankie hoop as hulle so gemeenplasig met mekaar om die ontbyttafel kan verkeer. Miskien, miskien kan die verveling en die onvergenoegdheid nog verbreek word. Sy wil hom om die hals val, sy kop, kaal kolletjie en al, teen haar bors druk, maar sy huiwer om dit te doen. Spontane liefdesgebare tussen hulle het iewers langs die pad afgesterf en sal nou onvanpas wees. Klein treetjies, Jacomien, maan sy haarself, klein treetjies.

“Waarom vergelyk jy ons vanoggend met die rustelose Sisufos en sy dinge?” Blykbaar vind JanKooos hul gesprekke oor beuselagtighede vermaaklik genoeg om meer tyd aan haar af te staan.

“Omdat ons ook presies dieselfde ding doen, dag na dag. Op teen die bult net om nooit die kruin te bereik nie.”

“Ek verstaan nie wat jy bedoel nie.” Daar kruip ’n waaksaamheid in sy stem.

“Ons moet ’n slag losbreek van die alledaagse roetine, iets doen wat anders is. Op ’n bustoer gaan. Gaan blomme kyk in die seisoen. Oorsee gaan. Europa. Amerika. The sky is the limit, JanKoos.”

“Vir hoe lank?” Hy frons.

“Vir ’n week of so. Twee weke. Langer. ’n Maand dalk.”

Jacomien hou asem op. Griekeland. O, sy sal hou van Griekeland, daar waar Shirley Valentine ná baie jare weer die aarde onder haar voel bewe het. Sy en JanKoos saam op ’n boot in die oseaan. Of ’n hotel. Spierwit linnebedegood, die son wat by die venster inskyn, die drank, die kos, die musiek.

Vir ’n sekonde of twee, drie wil dit lyk asof JanKoos saam met haar droom, maar dan verloor sy hom weer. Hy draai sy kop van haar af weg, sy oë soek nie meer na hare nie. Jacomien kan amper fisiek voel hoe hy van haar af wegbeweeg.

“’n Week of wat? Weet jy hoeveel besigheid kan ’n mens in ’n week verloor, Jacomien? En as die kompetisie eers jou koper nader gelok het, kry jy hom nie sommer weer aan die hoek nie.”

Jacomien leun oor na JanKoos toe, neem sy hande in hare. Bogger nou eers die aantekeninge wat hy so noukeurig maak, bogger sy beplanning vir meer kommissie, meer rykdom, maar minder tyd, minder pret. “Ons het altyd gesê ons wil nog die wêreld platreis, onthou jy?”

“Eendag, ja.”

“Eendag is nou, JanKoos, voordat ons te oud en gekrok raak. Ek wil nie hinkpink met ’n Zimmer-raam sukkel om teen die vliegtuig of toerbus se trappies uit te klim nie.”

Hy wikkkel sy hande los. Nie ru nie, maar beslis. “Ek is



jonger as jy, Jacomien, jou eendag is nie my eendag nie. Ek is jammer, ek kan eenvoudig nie nou hier weg nie.”

“Nou goed dan. Ons hoef nie weg te gaan as dit nou regtig nie kan nie.” Jacomien gryp desperaat na die regte woorde. “Ons moet net iets meer doen as eet, slaap en werk. Mekaar weer van voor af leer ken dalk.”

“Praat jy van iets soos ‘n date night?” Die spot is terug in sy oë, die ongeduld ook.

“Ja, hoekom nie?”

“Op hierdie stadium van ons lewe? Is dit regtig nodig?” Hy lag, maar hierdie keer is dit sonder vreugde. “Daar-die dae is verby, my liewe mens. Date nights is vir jong paartjies wat ‘n slag van die kinders af wil wegkom. Ons het dit nie nodig nie, ons is vry om te doen wat ons wil. Wanneer ons wil.”

Maar dis juis die probleem. Hy wil nie, nie juis nie, nie vreeslik graag nie, nie met dieselfde gretigheid as eers nie. Soms nog wanneer die geleentheid daarvoor vra, hulle eintlik daartoe dwing. Spesiale dae soos verjaarsdae, huweliksherdenkings, sommige skaars Sondagoggende wanneer hulle ‘n bietjie later kan slaap. En sy, wel, om eerlik te wees wil sy ook nie. Nie altyd nie.

Jacomien wil weer aan hom raak, maar sy hande is te besig, sy lyf te rusteloos.

“Ek sal kyk of ek ‘n date night volgende week of so kan inpas.” Hy wys die aanhalingstekens met sy vingers in die lug. “Dalk kan ons maar ‘n slag iewers gaan eet. Maar nie te ver nie en nie te veel nie en ook nie te laat huis toe kom nie. Ek het ‘n besige week voor my.”

Iewers gaan eet. Hy sal Spur toe wil gaan. Seker maar T-bone steak bestel, medium rare, asseblief, ‘n hele halwe bottel pienk sous oor die tjips uitgooi. Vra vir ekstra ys by sy whiskey en skaamteloos by die kelnerin aanlê.



“Wat maak ’n mooi ou dingetjie soos jy hier met ’n voorskoot om daai sexy lyf van jou?”

“Ek is die waitress, Oom.”

“Maar jy is mos te mooi daarvoor. Jy kan ’n model wees.”

“Nee, ek kan nie, Oom, ek is te vet daarvoor.”

“Vet? Waar sit jou vet?”

“Hier om my lyf, Oom, en my bobene.”

“Nee, man, ’n girl moet ’n bietjie vleis aan haar hê. Meer om aan te vat, jy weet?”

Platvloers, dis die gedagte wat elke keer by Jacomien opkom. Dat JanKoos hom gedra soos ’n orige ou man wat wil, maar nie meer kan nie.

“Nou laat ek hoor, wat is daar op die spyskaart wat lekker is?”

“Ek weet nie, Oom, ek eet nie hier nie, ek werk net hier.”

“Ek sê jou wat, vanaand kan jy vir jou ’n takeaway bestel om te eet wanneer jy van diens af gaan. Sit dit op my rekening. Net waarvoor jy lus is.”

“Nee, dankie, Oom, ek en my boyfriend koop sommer vir ons iets by Nando’s. Hy hou van die peri-peri, hy sê hy hou van sy kos soos van sy meisies. Lekker warm met skop in.” Giggel-giggel.

Gewoonlik gee JanKoos darem teen hierdie tyd die stryd gewonne, veral wanneer daar sprake is van ’n boyfriend. “Jou boyfriend is ’n gelukkige bliksem om saam met jou huis toe te gaan.” Eers dan laat hy haar gaan en draai hy hom na Jacomien.

Die res van die aand sit hulle dan mekaar en verveel, met min te sê nadat die spyskaart bespreek is. Die bord is koud, die steak taai, die tjips nie heeltemal gaar nie, die wyn nie koud genoeg nie. Die waitress ken nie haar werk

nie, verdien nie 'n tip nie. Eintlik is dit sommer geldmors om te kom uiteet, jy kry nie meer waarde vir geld nie.

Nou goed dan maar. Sy sal vat wat sy kan kry. Iets waaroor hulle saamstem sodat dit nie in 'n debat sal ont-aard nie. Aardverwarming miskien. Of wat die Spring-bokke se kans hierdie jaar is. Sy sal net die spelers betyds moet google, seker maak dat sy weet waarvan sy praat.

JanKoos laat sak sy kop en Jacomien weet sy is verdaag, haar tyd is verstreke.